

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 126

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

DIE DRIE BRILLE

'n Stukkende brilraam het my genoodsaak om 'n besoek by die brilmaker te gaan aflê. 'n Rak vol donker brille agter glasdeure wat toegesluit kan word, het my laat verstaan dat hierdie brilmaker ook donker brille van 'n goeie gehalte verkoop.

Toe ek daar aankom, was sy reeds daar: 'n Middeljarige dame wat netjies, smaakvol en deftig geklee was. Sy was vriendelik en al geselsende het sy donker brille opgesit om een te soek waarvan sy hou en wat goed pas. Nogal aangename vermaak om haar so dop te hou terwyl ek self wag om gehelp te word.

Terwyl ek na haar sit en kyk, hoor ek hoe die dame wat haar bedien aan die ander dame wat daar werk, sê: "Mevrou wil twee brille hê." Dit het my laat wonder wat die brille nou eintlik kos. Ek was nogal verbaas toe ek uitvind het dat hulle ongeveer R650 stuk kos. Maar nog groter was my verbasing toe "mevrou" besluit om nie twee brille — soos sy haar voorgeneem het — te koop nie, maar drie: Een wat baie donker is, een wat minder donker is en een wat net effens donker is. "Ek wonder wat sal my man daarvan sê," sê sy laggend. "Ek dink dat hy sal sê dat ons tog nie brille kan eet nie".

Sy trek 'n tjekboek uit haar handsak, skryf 'n tjek uit ter waarde van ongeveer R100, neem die brille en kry koers êrens heen, seker na 'n plek toe waar die son soms helder skyn, soms nie so helder nie en soms net effens helder.

Onmiddellik het ek gedink aan die oproep van die regering dat almal moet help met die bestryding van inflasie en dat daar tog nie artikels gekoop moet word wat nie werklik nodig is nie. Dit is in landsbelang dat elke burger daarmee moet help, so is van owerheidsweë verklaar.

Het sy werklik al drie brille nodig?

Hoewel ek haar glad nie ken nie en niks van haar af weet nie, is ek bereid om sonder meer te sê: Nee, beslis nie. Dit blyk reeds duidelik daaruit dat sy drie brille koop terwyl sy net twee wou koop. Dit blyk ook uit die kommentaar wat sy van haar man se kant te wagte is.

Hierdie voorbeeld kan met talle vermenigvuldig word — ondanks die oproepe van die regering vanweë die ongunstige finansiële posisie waarin ons land tans verkeer.

Ons het hier te doen met 'n soort onbeheerste koopsug wat hom van baie van ons meester gemaak het. Die genot wat verkry word deur iets te koop en jou besittings te vermeerder het so 'n greep op mense gekry dat dit soms lyk of hulle baie van hulle selfbeheersing verloor as hulle in winkels kom.

Waar lê die fout?

Die groot probleem van die dame met die donkerbrille en almal wat soos sy maak, is dat hulle nie in die regte verhouding tot hulle besittings staan nie en daarom verkwisters geword het.

Ons moet onthou dat God die enigste werklike Eienaar is van alles wat bestaan. In Psalm 24 word dit duidelik gestel: "Die aarde met alles wat daarop is, die wêreld en die wat daarop woon — alles behoort aan die Here". Daarom word die mens ook die vraag gestel: "Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?" (1 Kor. 4:7).

Maar terwyl God die enigste werklike en volstreekte eienaar is van alles, het Hy tog die mens as rentmeester aangestel.

'n Rentmeester is iemand wat oor die besittings van die eienaar aangestel is en beheer daaroor

het. Dit is 'n vrye beheer in dié sin dat hy self ook inisiatief moet neem en moet besluit wat om in bepaalde situasies te doen; alles word nie in die fynste besonderhede aan hom voorgeskryf nie. Die vrye beheer beteken verder ook dat hy en sy gesin byvoorbeeld van die vrugte van die land kan eet.

Die beheer van die rentmeester oor die besittings van die eienaar is egter ook 'n verantwoordelike beheer, in dié sin dat hy van sy doen en late aan die eienaar verantwoording moet kan doen. Die rentmeester moet veral daarvoor waak dat hy sy posisie nie gebruik om homself te verryk nie; hy moet in die eerste plek help om die eienaar ryk te maak.

Wat gebeur nou met verkwisting?

Dan word met die goed van die eie naar gemors . . . ook gemors deur goed te koop wat nie hulle geld werd is nie, en deur spandabelrig luukse- en weeldeartikels te koop wat nie werklik nodig is nie, of wat selfs skadelik en nadelig is. Daarom waarsku die Here ook: "Wees nie onder die wynsuipers nie, onder die wat as vrate hulle hart ophaal. Want die drinker en die vraat sal arm word" (Spreuke 23 :20, 21).

En onmiddellik moet ons die vraag stel: Is die "armoede" wat ons land tans weens die inflasie ervaar nie die gevolg daarvan dat ons, nie net in ons eet en drink nie maar ook andersins, soos wynsuipers en vrate opgetree het nie — dat ons drie brille gekoop het toe ons hoogstens net een nodig gehad het?

God laat nie met Hom spot nie, ook nie deur die mens wat as sy rentmeester moet optree nie.

Gelei deur die Gees van God sê Johannes: "Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand dit wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is — die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe — is nie uit die Vader nie maar uit die wêreld. En die wêreld en sy begeerlikheid gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig" (1 Joh. 2:15-17).

Daar is één ding wat ons met alles tot ons beskikking moet probeer verkry, en dit is die weelde van die verlossing van sonde en die ewige saligheid wat Christus vir ons verwerf het. Dit is die groot skat en die kosbare pèrel waarvoor 'n mens bereid moet wees om alles wat jy het, op te offer (Matt. 13:44-46). Want terwyl die luukse en die weelde van hierdie wêreld maar net tydelike betekenis het en by my dood vir my in elk geval niks beteken nie, is die verlossing deur Christus en die ewige saligheid 'n weelde wat onvernietigbaar is en selfs deur die dood nie van my weggenem kan word nie (Rom. 8:38, 39; 1 Petr. 1:4, 5).

Wie bereid is om alles wat hy het daarvoor uit te gee, verkwis of mors nie 'n enkele sent nie.

P. J. de Bruyn.

Inflasie-dwaasheid

In die *Bybel* ontmoet ons baie soorte dwase. Ons kry ryk dwase (Lukas 12:19), nalatige dwase (Mattheus 25:1-13), dwase wat tug verag (lees die Spreukeboek) en ook luië dwase.

In Prediker 4 vers 5 ontmoet ons so 'n **luië dwaas**.

Luister wat word van hom gesê: "Die dwaas vou sy hande en eet sy eie vlees op."

SPOT MET DIE DWASE

Laat ons eers vir u sê dat hierdie dwase — vanweë hulle luiheid — fel bespot is.

Kom ons luister na 'n paar van die spottende opmerkings:

- Spreuke 22:13: Die luiard sê: Daar is 'n leeu buitekant; ek kan in die middel van die strate doodgemaak word."
- Spreuke 26:14: 'n Deur draai rond op sy skarniere, so die luiard op sy bed."
- En vers 15: "Het die luiard sy hand in die skottel gestee, hy is te moeg om dit na sy mond terug te bring."

Maar genoeg nou van die spot. Kom ons kyk nou wat is die kenmerk van so 'n luië dwaas.

VOU SY HANDE

Die eerste wat ons opval is dat hy ... sy hande vou.

Dit mag tog nie!

God het die mens sy hande gegee om te werk: In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet... (Gen. 3:19).

God het die mens sy hande gegee om te heers (vgl. Psalm 8).

Nooit mag die mens sy hande vou nie, behalwe . . . as hy tot God wil bid.

EET SY EIE VLEES OP

Maar die tweede wat van hierdie dwaas gesê word, is dat hy sy eie vlees opeet.

Hoe moet ons dit verstaan?

Daar is 'n volksgeloof dat die wolf — as *hy* rasend honger word — *stukke vleis* uit sy eie liggaam uitskeur.

Sommige kranksinniges is geneig om hulle eie vlees te eet.

Maar ons weet van geen verstandige mens wat sy eie vlees eet nie.

Hoe moet ons dit verstaan?

Soos Paulus aan die Thessalonicense skryf (2 Tess. 3:10): "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie."

So moet ons die woorde besien.

Die gedagte is: Deur sy luiheid is daar geen kos nie. Die gevolg is dat die liggaam van die vet moet gebruik en so . . . word die dwaas al maerder. En ag, as die dwaas hom alleen daardeur benadeel het! Maar nee, ook die gemeenskap word benadeel.

Hier lê deels die oorsaak van die inflasionêre toestand in ons land vandag: Te veel luië dwase wat bereid is om op hulle binnevet te teer en ook so 'n las vir die gemeenskap word.

GEE REKENSAP

- Gee rekenskap of ons kinders van kleins af leer om hard genoeg by die huis en in die skool te werk.
- Gee rekenskap of hierdie vyf-dae-werksweek waarlik geregverdig is.
- Gee rekenskap of ek werklik hierdie maand my geld verdien het.

OORYWERIGE DWAAS

Maar 'n mens kan ook 'n oorywerige dwaas wees.

Prediker praat van nog 'n dwaas wat met altwee vuiste na moeite en na wind gryp (4.6: altwee vuiste vol moeite en gejaag na wind).

- Ja, as die arbeider as 'n god verheerlik word —
- As die arbeid met die Evangelie vereenselwig word —
- As werk nie meer 'n middel is om God te verheerlik, om ons skeppingsopdrag uit te voer nie —
- As werk slegs in die lig van Rand en sent, van loon gesien word ja, dan gryp die mens koorsagtig na oortydwerk en oortydbetaling — dan kry ons die kreet om hoër lone — dan word stakings gewild, dan bloei die ontevredenheid — ja, dan word die mens 'n slaaf van sy werk —

En dan? Waarna gryp hierdie mense . . .

Na beursies vol klinkende geld . . .?

Nee, sê die Prediker:

Hulle gryp na moeite en wind, want die moeë liggaam word deur die siekte afgetakel en die geld word deur doktersrekenings en medisyne verteer.

OPLOSSING

Wat is dan die oplossing? Prediker sê: Een handvol rus is beter. Watter rus? Die rus wat Jesus Christus gee: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." (Mattheus 11:28). Jesus gee die rus van

- vergiffenis van sondes
- vrede met God in die hart
- berusting en aanvaarding in die wil van God. Is u 'n inflasie-dwaas?

Dan roep God u nou tot die wysheid van die Evangelie van Jesus Christus.

C. J. Malan.

Lewe u net om te koop, te eet en te bou ?

Ons het in die jongste tyd te doen met die ernstige probleem van inflasie: Die waarde van ons geld verminder en pryse van bykans alle artikels word kort-kort verhoog. Daarom doen ons regering herhaaldelik beroepe op ons om net te koop wat werklik nodig is, om meer geld te spaar en om meer produktief in ons werk te wees.

In die lig hiervan wil ek u vra: Waarvoor lewe u? Leef u net om te koop, te eet en te bou? Of anders gestel: Is u lewe so ingerig dat dit die huidige inflasie bevorder?

Nou is dit nogal opvallend dat so 'n lewe volgens die Bybel juis in tye van geestelike verval by die mens aangetref word. Die tye van Noag en Lot en die dae kort voor die wederkoms van Christus word as sulke tye aangedui.

In die Bybel lees ons in die verband die volgende: "En soos dit gebeur het in die dae van Noag, so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: Hulle het geëet en gedrink, hulle het getrou en is in die huwelik gegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, en die sondvloed gekom en almal vernietig het. Net soos dit ook gebeur het in die dae van Lot: Hulle het geëet en gedrink, gekoop en verkoop, hulle het geplant en gebou. Maar op die dag toe Lot van Sodom uitgaan, het vuur en swawel van die hemel af gereën en almal vernietig. Net so sal dit wees in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word" (Luk. 17:26-30).

Nou moet ons daarop let dat van die mense in die tyd van Noag nog gesê word dat hulle getrou het, maar van die mense in die tyd van Lot word dit nie meer gesê nie. Dit wil voorkom of die sedelike verval in Lot se tyd so 'n omvang aangeneem het dat hulle dit nie meer nodig geag het *om* te trou nie, maar hoogstens soos diere gepaar het.

By die lees van bogenoemde verse uit die Bybel, sal u miskien lus voel om te vra: Maar wat is nou eintlik verkeerd met die mense in die tyd van Noag en Lot volgens hierdie beskrywing? Eet, drink, koop verkoop, plant en bou — daarmee is mos niks verkeerd nie; intendeel dit is wesenlike dele in die lewe van elke normale mens.

Die nadruk val in hierdie woorde van Christus egter nie op wat gesê word nie maar juis op wat verswyg word. Eet, drink, koop, verkoop, plant en bou — dis al! Verder niks. Van God en godsdiens, van enige bekommernis oor en stryd teen die sonde hoor 'n mens hier absoluut niks. Die hele lewe het opgegaan in eet, drink, plant, bou, ens. Daarin was die mense se hoogste belange geleë.

Die mense gaan hulle gewone gang en doen wat hulle tevore gedoen het, met dié verskil dat hulle God heeltemal uitgeskakel het uit hulle lewe. Hulle praat nie van Hom nie en dink nie aan Hom nie. Hulle gaan voort net asof God nie bestaan nie en ook nooit bestaan het nie.

Hierdie soort mens het vir die hoëre geestelike en sedelike waardes in die lewe hoegenaamd geen belangstelling nie. Sy hele lewe is toegespits op die aardse dinge en dit wat die aarde hom kan bied. Sy lewe het heeltemal vermaterialiseer: Om lekker te kan eet en drink, om geweldige geboue op te rig, om handel te dryf, ens. — dit sal die hele inhoud van sy lewe wees.

Sulke mense is eintlik dooie mense. Hoewel hulle liggaamlik lewendig is, het hulle geestelik gesterf omdat hulle die band met die lewende God verbreek het. Die liggaamlike en die materiële is vir hulle alles in die lewe.

Daarom word van hierdie mense gesê dat hulle eintlik net liggame is (Luk. 17:37). Liggaamlik is hulle nog lewendig, maar geestelik is hulle dood. Daarom is hulle in God se oë eintlik niks anders nie as lyke waaroor die aasvoëls van sy oordele hongereg rondvlieg en wag om daarop neer te sak.

So was dit in die tyd van Noag en Lot en so sal dit wees aan die einde van die geskiedenis in die tyd kort voor die wederkoms van Christus. Daarby moet ons onthou dat hierdie letterlik goddelose lewenshouding volgens die Bybel altyd gevolg word deur die strawwende oordele van God soos die sondvloed en die verwoesting van Sodom en Gomorra. So toon God dan dat Hy Hom nie deur die waanwyse mens laat uitkakel en dood verklaar nie. Hy laat nie met Hom spot nie en Hy laat Hom ook nie ignoreer nie.

Ek dink dat dit hieruit vir u duidelik behoort te wees dat die probleem wat aan die huidige inflasie ten grondslag lê, ten diepste 'n godsdienstige probleem is: Die mense het God uitgekakel uit hulle lewens; in sy plek het hulle hul aardse besittings tot god verhef; en tot ons straf gee God ons nou oor om deur middel van die inflasie deur ons eie afgod verteer te word.

Hoe lyk u lewe in die lig hiervan?

U is miskien 'n goed opgevoede en voorbeeldige persoon in u eie oë en in die oë van u medemens. Ander mense tree moontlik teenoor u op met besondere respek en agting. En tog kan u innerlik leeg wees omdat u lewe so oppervlakkig geword het dat die nie meer uitstyg bokant die materiële belange nie.

Eet, drink, koop, verkoop, plant en bou — het hierdie en dergelike dinge nie ook die belangrikste in u lewe geword nie?

As dit so is, is God besig of het Hy reeds uit die prentjie van u lewe verdwyn — ongeag die feit dat u tans miskien nog in naam 'n lidmaat van die kerk van die Here is. Baie mense in ons land wil mos ter wille van mode en status nog lidmate van die kerk wees, terwyl Christus in werklikheid reeds vir hulle 'n vreemdeling geword het.

Maar begryp u wat die implikasie van so 'n stand van sake in u lewe is?

As u lewe so vervlak het dat God daaruit verdwyn het, dan wag die oordele van God op u! Dit is immers wat gebeur het met die mense in die tyd van Noag en Lot toe hulle lewens tot dié peil gedaal het. Die mense in die tyd van Noag is verdolg deur die sondvloed, en die mense van Sodom en Gomorra in die tyd van Lot, is verdolg deur vuur en swawel uit die hemel.

As dit so met ons gesteld is, is die huidige inflasie niks anders nie as die begin van God se oordele oor ons. Dit is dan net 'n waarskuwing as ons ons nie bekeer nie.

Daarom is daar vir ons net een weg tot redding en behoud, en dit is: Terug na God! Terug na Jesus Christus!

Slegs as Hy weer in u lewe inkom, sal u soos Saggéüs bevry word van die afgod van geld en goed; u sal leer om te onderskei tussen wat belangrik en wat onbelangrik is vir hierdie en die toekomstige lewe; u lewe sal nie meer leeg wees nie maar vervul word met die Heilige Gees. Dan sal u ook deel in die wonderlike ervaring dat, vanweë die borgtogtelike versoeningswerk van Christus, **die dood u nie meer kan laat sterf nie**. Christus self het immers gesê: "Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25). Die dood sal vir u dan niks anders wees nie as 'n heengaan om met Christus te wees en dit is verreweg die beste (Fil. 1:23).

Mag u altyd deel in dié rykdom wat nooit deur enige inflasie aangetas kan word nie.

P. J. de Bruyn.

Laat elke mens hom onderwerp

Die owerheid is 'n instelling van God.

Dit is geen werk van mensehande nie —

Dit is geen produk van die volkswil nie —

Dit ontleen nie sy bevoegdheid aan die volk nie, al het die volk by wyse van verkiesing die regering saamgestel.

Nee, die owerheid is deur God ingestel (Romeine 13:1) en is verantwoording aan God verskuldig (Romeine 13:4).

God het die owerheid ingestel vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, om die losbandigheid van die mense te bedwing.

Die owerheid het dwingende mag, het die reg om die onderdane te straf (Romeine 13:4: want hy dra die swaard nie verniet nie).

In Psalm 47:10 word die leiers van die volk, die owerheid, die skilde van die aarde genoem. Soos skilde pyle opvang en slaë afweer — so het God in sy genade bo die volke die skild van die owerheid opgehef om:

- die ongeregtigheid te stuit —
- die swakke te beskerm —
- die kwaad te straf —
- die goeie te beloon —
- die reg uit te oefen.

SLEGTE OWERHEID

Verstaan u watter geweldige oordeel dit vir 'n land is as hy 'n owerheid het wat nie wil optree soos God wil hê hulle moet optree nie!

In Prediker 10 lees ons van so 'n owerheid:

"Wee jou, o land, as jou koning 'n kind is," d.w.s. geen verantwoordelikebesef het nie —

"en as jou vorste in die môre vroeg maaltyd hou," d.w.s. drinkpartytjies in stede dat hulle aandag aan staatsake gee.

Dan verarm so 'n land (vers 18: deur allerhande luiheid versak die balkwerk . . ."), dan word die fundamente van die volkslewe ondermyn.

GOEIE OWERHEID

Maar die Prediker praat ook van goeie owerhede.

"Gelukkig is jy, o land, as jou koning 'n edele is" (edel na gees en gesindheid), want dan

- laat hy hom deur waarheid in sy regering lei —
- oordeel hy volgens reg —
- soek hy vir sy volk die goeie.

Maar gelukkig is so 'n land ook as die "vorste op die regte tyd maaltyd hou soos manne en nie soos drinkers nie"

(m.a.w. sobere mense, mense met verantwoordelikebesef).

VOLK MOET EDEL WEES

Aan die ander kant: 'n Mens kan die beste regering in die wêreld besit, maar as die volk nie edel is nie, as die volk nie sy verpligting teenoor die owerheid nakom nie ... dan help alles niks.

In Romeine 13.1 word baie duidelik gestel dat die onderdane gehoorsaam moet wees, nie maar net terwille van die straf nie, maar terwille van die gewete.

Hierdie gehoorsaamheid kom ook uit in die belasting wat ons aan die staat moet betaal (vergelyk Romeine 13 verse 6 en 7). 'n Owerheid het geld nodig om sy roeping te kan vervul en daarom moet ons met blymoedigheid ons inkomstebelasting betaal.

Maar meer nog! In 'n tyd van inflasie — soos nou — het die owerheid die reg om van sy onderdane te vra

- dat ons meer produktief moet werk
- dat ons nie so spandabelrig moet wees nie maar spaarsaam.

En nie net het hulle die reg om dit te vra nie, maar ook die reg om rigoristiese maatreëls in te stel en te eis dat ons dit moet gehoorsaam.

ONS MOET AAN GOD MEER GEHOORSAAM WEES

Hierdie plig van die onderdane om te gehoorsaam geld nie net regerings van wie ons hou nie maar ook regerings van wie ons nie hou nie.

As Paulus Romeine 13 skryf is die Romeinse keiser Nero aan die bewind, wat die Christene so vervolg het.

Slegs in een saak mag ons nie gehoorsaam wees nie: As die owerheid ons dinge beveel in stryd met God se Woord (soos die Fariseërs die apostels verbied het om die Naam van Jesus Christus te bely — Handeling 5.28), dan geld die woorde: "Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense". (Hand. 5.29).

Soos Dawid Saul as koning eerbiedig het, so moet ons die owerheid eerbiedig

As ek dit nie doen nie — as ek 'n ongehoorsame onderdaan is wat nie die snelheidspers wil nakom nie, wat my my nie steur aan die maatreëls om inflasie te bekamp nie, wat met 'n rewolusiegees in my hart rondloop . . .

weerstaan ek die instelling van God en sal ek die oordeel van God ontvang. (Rom. 13.2).

C. J. Malan.

DIE GEVARE VAN VOORSPOED

Diep in sy hart streef elke mens daarna om voorspoed te belewe, en normaalweg doen hy ook alles in sy vermoë om dit te verkry en om teëspoed te voorkom.

Hierdie strewe en pogings is op sigself nie verkeerd nie. Daarom kan dit ook nie sonder meer veroordeel word nie. Trouens, ons kan selfs so ver gaan om te sê dat alle strewe na voorspoed ten diepste 'n verlange na die verlore Paradys en 'n weersin teen die sonde is, want die sonde is die oorsaak van alle teëspoed.

En tog, aan die ander kant, is dit uit die geskiedenis duidelik dat voorspoed beslis nie as 'n onvermengde seën vir 'n individu of 'n volk as geheel beskou kan word nie. Daar is inderdaad sterk bene nodig *om* die weelde te kan dra.

Waarom dit so is, sien ons as ons 'n tyd van swaarkry en 'n tyd van voorspoed met mekaar vergelyk.

As 'n mens onder druk lewe, swaar kry en 'n harde stryd om te bestaan voer, word selfdiscipline, selfverloëning en groot opofferings van jou gevra. Ter wille van jouself en die mense wat in dieselfde situasie as jy verkeer, moet jy duidelik onderskei tussen dit wat jy beslis moet doen en dit wat jy beslis nie mag doen nie.

Deur hierdie geestelike en liggaamlike inspanning word jy geharnas, gestaal en in staat gestel om groot uitdagings te aanvaar en te oorwin en groot skokke te deurstaan.

Maar in 'n tyd van oorfloed en voorspoed het die mens gewoonlik nie nodig om hom in te span, baie te ontbeer en groot opofferings te maak nie. In so 'n tyd dissiplineer hy hom in die reël nie in sy eet, drink, ontspanning, ens. om sy kragte te spaar vir een of ander groot taak wat hy wil of moet volbring nie. Dan word hy gemaksugtig en materialisties en probeer om soveel as moontlik te verkry en te geniet met die minste moontlike inspanning. Dit het noodwendig tot gevolg dat die mens geestelik en liggaamlik nie meer fiks is nie en naderhand so verswak dat hy nie meer in staat is om swaar tye te oorleef en groot uitdagings wat mag opduik aan te durf en te oorwin nie.

Dat onsedelikheid in die tyd van voorspoed toeneem, is in die lig hiervan ook te verstane. Die mens het nie meer die innerlike krag om versoekings en verleidings teen te staan en af te slaan nie. Sy weerstand daarteen is so swak dat hy maklik daardeur oorrumpel word. Die geskiedenis het dan ook bevestig dat onsedelikheid op groot skaal feitlik net in tye van voorspoed en welvaart voorkom. (Vgl die studie van J. D. Unwin).

Voorspoed het ook 'n nadelige uitwerking op die onderlinge verhoudinge van mense. Dit maak die mens selfsugtig en materialisties. Terwyl tye van swaarkry dikwels gekenmerk word deur offervaardigheid en naasteliefde, tref 'n mens in tye van voorspoed baie meer selfsug en uitbuiting aan. In sulke tye word die regverdige vir geld verkoop en die behoeftige vir 'n paar skoene (Amos 2:6).

Die invloed wat voorspoed op **die jeug** as toekoms van volk en kerk het, word mooi weergegee deur die Nederlandse skrywer, E. J. Potgieter, wat verklaar dat 'n geslag wat vir hom paleise bou en goue lepels laat maak, groot is, maar dat 'n geslag wat in paleise groot word en met goue lepels gevoer word, niks beteken nie.

Maar by die kern van die probleem het ons nog nie gekom nie.

Die eintlike oorsaak van al die ontsporings in tye van voorspoed is daarin geleë dat die mens dan baie maklik daartoe kom om **God** te vergeet. Bewus of onbewus vat die gedagte by hom

pos dat hy deur sy rykdom, kennis en invloed soveel bereik het dat hy God nie meer nodig het nie en dat hy sonder Hom kan lewe.

En natuurlik, as hy God minag, verloor God se gebooie ook hulle waarde vir hom. Dan steur hy hom nie aan God se gebooie wat alle **onsedelikheid** verbied nie; hy ignoreer die positiewe gebod van God tot **naasteliefde**; dan minag hy ook die eis van God om sy **kinders** op te voed in die vrees van die Here.

Die wanverhouding tot God is dus die eintlike oorsaak van al die genoemde ontsprings. En omdat voorspoed juis so maklik 'n wanverhouding van die mens tot God laat ontstaan, is dit so uiters gevaarlik. As dit nie reg gehanteer word nie, kan die nadele daaraan verbonde uiteindelik baie groter wees as die voordele.

As rykdom dus iemand se ewige ondergang tot gevolg het, gaan hy nie verlore net omdat hy ryk is nie, maar omdat die rykdom sy hart vir God en sy medemens toegesluit het.

Daarom moet ons ag gee op die waarskuwing van Paulus as hy sê: "Die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n wins. Want ons het niks in die wêreld ingebring nie; dit is duidelik dat ons ook niks daaruit kan wegdra nie. Maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees. Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor" (1 Tim. 6:6-10).

Daarom is dit so uiters noodsaaklik dat ons juis in tye van voorspoed gedurig daaraan herinner moet word dat ons, al is ons multimiljoenêrs, vanweë ons sonde brandarm, straatarm voor God is en bestem is om vir ewig verlore te gaan. Al is ek hoe ryk aan stoflike goedere op aarde, kan dié rykdom my nie help om die smarte van die hel vry te spring nie.

Daar is net Een wat my uit dié inflasie, depressie en bankrotskap kan red, en dit is Jesus Christus — Hy wat self arm geword het juis om aan ons die ware, ewige, onvernietigbare voorspoed en rykdom van die ewige lewe te gee (2 Kor. 8:9).

Die voorspoed en rykdom wat Hy my gee, kan selfs deur die dood nie vernietig word nie, omdat Hy die dood oorwin het.

Ken u ook dié voorspoed en rykdom en deel u daarin?

P. J. de Bruyn.

Gaan na die mier . . .

In Gods wye wêreld wemel dit van miljarde miere. Ofskoon hulle in kolonies saamleef is hulle nie sterk diertjies nie. Met een beweging van jou vinger kan jy 'n miertjie verbrysel. . .

En tog wil God deur die klein miertjie leer hoe ons in hierdie inflasionistiese tyd moet optree.

As 'n mens die miere aandagtig beskou, val dit jou op hoe haastig en rusteloos hulle werk. Die een wil vinniger as die ander loop en met hulle tingerige lyfies sleep hulle voorwerpe wat groter is as hulleself. Dit is daarom dat die Spreukedigter vir die luiaards van sy tyd aanraai: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys" (Spreuke 6:6).

Hoe dikwels word daar nie oproepe op ons gedoen om harder te werk nie, om meer produktief te wees nie. Nouja, dis die boodskap van God aan ons deur die mier: "in die sweet van jou aangesig sal jy brood eet..." (Gen. 3:19). Net soos daar in die tyd van die Spreukedigter baie luiaards was (vergelyk Spreuke 6:6-9; 13:4; 15:19; 19:24; 20:4; 21:25 ens.), so is daar ook in ons land baie mense wat lyf wegsteek, wat graag die salaris wil hê maar nie bereid is om hulle beste kragte in diens van die arbeid te gee nie.

Maar die miere is met nog 'n wysheid toebedeel: **hulle berei hul voedsel in die somer** (Spreuke 3:25). Die hele somer deur tref hulle voorsorg vir die winter. Hulle bou voorrade op met koorsagtige haas. Voorraadsoure word gebou om die voedsel te berg. Geen minuut gaan in die somertyd verlore om voorraad vir die winter op te bou nie. Daarom is die miere in ons tyd van inflasie ook vir ons tot ernstige waarskuwing: Dat ons nie so spandabelrig moet wees nie maar dat ons moet spaar.

Hierdie woorde geld ook in besonder vir ons op geestelike gebied: In die lente van ons lewe moet ons die Here soek, voordat die winter van ouderdom en dood kom (Jesaja 55:6: Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is).

Jesus Christus, die Seun van God, het volmaak die wysheid van die miere beoefen deur in die somer van sy lewe ons te verlos van die winter van die toorn van God en van die ewige verdoemenis. As u waarlik in Jesus Christus glo as die Seun van God wat vir u sondes aan die kruishout gesterf het, sal

- u nooit lui wees nie maar altyd tot eer van God werk —
- u bereid wees om voorsorg te tref deur te spaar.

C. J. Malan.